Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

JAARBOEKINLIGTING 2024

Hoër Sertifikaat in Onderwys (SAKO-nr. 120165)

Die Hoër Sertifikaat in Onderwys het ’n tweeledige doel. Eerstens het hierdie sertifikaat ten doel om studente voor te berei om as ’n onderwysassistent te werk. Tweedens wil hierdie sertifikaat ook aan kandidate wat potensiaal toon maar nie aan die minimum-intreevlakvereistes vir Aros se BEd-programme sou voldoen nie ’n billike kans op sukses bied.

Dit is belangrik dat aansoekers daarop let dat die Hoër Sertifikaat nie die uitreiking van ‘n SARO-nommer vir die doeleindes van ‘n onderwysassistentpos verseker nie. Ná afloop van die Hoër Sertifikaat moet die kandidaat vir ‘n BEd-program inskryf ten einde vir ‘n SARO-nommer te kan aansoek doen.

1. Kwalifikasie-inligting

- Minimumvoorvereiste: Nasionale Senior Sertifikaat met hoërsertifikaattoelating
- NKR-vlak: 5
- Minimum tydperk: 1 jaar

2. Metode van aanbieding

Die modus van aanbieding is afstandsonderrig, met addisionele ondersteuning aan studente deur middel van direkte kontaksessies en/of interaktiewe aanlyn sessies, werkswinkels of ekstra klasse.

3. Koste per jaar

- Aansoekfooi: R250.00
- Registrasie: R3 500.00 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2024)
- Klasgeld: R41 300.00
- Handboekkoste (ongeveer): R7 000.00

4. Beskikbare kurrikulums

O140P

5. Vereistes vir studente met 'n Senior Sertifikaat (voor 2008)

- Senior Sertifikaat

6. Onderwyspraktyk

Geen praktiese tydperke.

7. Kwalifikasie met onderskeiding

’n Student wat ‘n gemiddeld van 75% oor al die kredietdraende modules van die kurrikulum behaal het, behaal die kwalifikasie met onderskeiding.

8. Bepalings met betrekking tot voorwaardelike toelating

'n Student se studie kan na vier formele waarskuwings getermineer word indien die student 36 en meer krediete per semester nie slaag nie.

9. Kurrikulums

Modules en voorvereistes

Kode	Module	NKR	Kr	Voorvereiste 40%	Geslaag	Geregistreer of geslaag
Modules	**Jaarvlak 1**					
	Eerste Semester					
FIBY111	Bybelkunde en Filosofie	5	12			
INRV112	Inligtingstegnologie en Kommunikasie	5	12			
LEER114	Logika, Kritiese en Analitiese Denke	5	12			
TVAF111	Taalvaardigheid in Afrikaans	5	12			
	Tweede Semester					
INAT121	Inleiding tot Afrikatale	5	12			
OWIS121	Inleidende Wiskunde	5	12			
TEOR121	Teoretiese Raamwerk vir OPVS (Opvoedkundige Filosofie en Teorie in Perspektief)	5	12			
TVEN121	Taalvaardigheid in Engels	5	12			
Modules	**Jaarvlak 1 totaal**		**96**			
O140P	**Hoër Sertifikaat in Onderwys**					
	Eerste Semester					
OKIS111	Onderrig-en-leerteorie	5	12			
	Tweede Semester					
OKIS121	Onderrig en Leer (toegepas)	5	12			
O140P	**Jaarvlak 1 totaal**		**24**			
Hoër Sertifikaat Onderwys	**Hoër Sertifikaat totale krediete**		**120**			

Module-uitkomste

FIBY111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Bybelkunde en Filosofie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- basiese kennis kan toon van die Bybel as God se openbaring aan die mens;
- kennis kan toon van die 12 Belydenisskrifte en die vraag rondom verlossing;
- filosofie en Christelike filosofie as konsepte kan verduidelik; en
- geleenthede kan identifiseer waar Christelike waardes en Bybelse beginsels toegepas kan word ten einde ’n waardegedrewe onderwyspraktyk te verryk.

INAT121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Inleiding tot Afrikatale

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis kan toon van die Afrika-kultuur en taalkontekste in ’n veeltalige Suid-Afrikaanse gemeenskap;
- die vermoë kan demonstreer om in isiZulu en Setswana te groet;
- ’n begrip kan toon van die taal van onderrig en leer; en
- geleenthede en uitdagings kan identifiseer wat in ’n multikulturele klaskamer in Suid-Afrika ervaar word, tesame met die impak daarvan op die klaskamer en leer.

INRV112	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Inligtingstegnologie en Kommunikasie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- begrip kan demonstreer van basiese rekenaar- en internetterminologie en -funksies;
- die vermoë kan demonstreer om met die Microsoft Windows-bedryfstelsel en webblaaier te werk;
- die funksies van woord- en sigbladverwerking asook aanbiedingsprogramme in ’n hoëronderwyskonteks kan toepas;
- inligting op die internet kan assesseer, evalueer, lees en interpreteer vir akademiese doeleindes; en
- kan verduidelik hoe tegnologie doeltreffend gebruik kan word in situasies waartydens ander onderrig word.

LEER114	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Logika, Kritiese en Analitiese Denke

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis oor hulself en bewustheid kan demonstreer in terme van hul benadering tot akademiese en spantake;
- denkgewoontes kan kweek in terme van die wyse waarop daar oor akademiese geletterdheidsvaardighede nagedink word;
- sleutelprobleemoplossings- asook logiese, kritiese en analitiese denkvaardighede kan identifiseer; en
- basiese probleemoplossingstegnieke, -beginsels en -praktyke kan identifiseer om probleme wat op ’n daaglikse basis voorkom in die onderrigkonteks op te los.

OKIS111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderrig-en-leerteorie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verskillende rolspelers en belangegroepe in die Suid-Afrikaanse skoolkonteks kan identifiseer, tesame met sommige uitdagings waarmee rolspelers te kampe het;
- die Suid-Afrikaanse Skolewet, menseregte in die onderwys en wetgewing en beleide wat op dissipline en skoolveiligheid betrekking het, kan verduidelik en beskryf;
- onderrig en leer as konsepte sowel as die vereiste bevoegdhede wat vereis word om goeie onderrig-en-leerpraktyk moontlik te maak, kan verduidelik; en
- die bevoegdhede kan verduidelik wat vereis word om ’n omgewing wat bevorderlik vir leer is te skep en te onderhou

OKIS121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Onderrig en Leer (toegepas)

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- skooletiket, skoolreëls en die algemene organisasie van die skool as ’n stelsel kan beskryf;
- die vermoë kan demonstreer om onderrig-en-leeraktiwiteite te beplan;
- die vermoë kan demonstreer om ’n reeks administratiewe take wat van ’n onderwys vereis word te voltooi; en
- gepaste onderrig-en-leer-tegnieke, materiaal, lesse, assesseringsmetodes en klaskamerbestuurtegnieke vir elke fase kan identifiseer.

OWIS121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Inleidende Wiskunde

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n begrip van basiese wiskundige konsepte, beginsels en reëls kan toon en basiese wiskundige probleme kan oplos;
- gepaste standaardmetodes kan gebruik en eie metodes kan identifiseer om probleme op te los deur die implementering van Pólya se probleemoplossingsmodel; en
- verskillende maniere kan vind om probleme wat op verskeie maniere bekendgestel is op te los en te interpreteer.

TEOR121	Tweede Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Teoretiese Raamwerk vir OPVS
(Opvoedkundige Filosofie en Teorie in Perspektief)

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n persoonlike wêreldbeskouing en filosofie kan verduidelik soos wat dit op die onderwys as roeping betrekking het;
- opvoedkundige filosofie en die hoof- opvoedkundige teorieë as konsepte tesame met hul historiese konteks kan verduidelik;
- die verskeie teorie en modelle wat op leer en onderrig betrekking het, kan verduidelik; en
- vertroud wees met die basiese woordeskat wat in die opvoedkunde gebruik word.

TVAF111	Eerste Semester	Krediete: 12	NKR-vlak: 5

Taalvaardigheid in Afrikaans

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- luister- en praatvaardighede kan toon, met verwysing na verskeie onderwerpe en tekste in Afrikaans;
- gepaste leesvaardighede kan toepas op verskillende tekstipes deur die leesdoel in gedagte te hou;
- kennis kan toon van die manier waarop konteks en formaat tekstruktuur, taalgebruik en -konvensies beïnvloed; en
- skryfvaardighede kan toon in verskeie tekstipes in formele Afrikaans.

Language Proficiency in English

After completing this module, students should be able to

- read and interpret texts for academic purposes;
- express ideas clearly, listen with discernment and respond appropriately;
- investigate basic language structures and conventions with specific reference to grammar and spelling rules, punctuation and sentence construction; and
- produce texts, using paraphrasing and summarising to avoid plagiarism, and cite sources using the Aros method.